kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 577

Die Heer, my herder, sorg vir my.
Hy laat my rustig wei;
langs waters waar daar vrede is,
sal Hy my veilig lei.

Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
tot ere van sy Naam.

Al lê daar donker dieptes voor,
tog hoef ek nie te vrees,
want U's by my, en in u hand
sal ek steeds veilig wees.

U maak my vir 'n fees gereed,
terwyl my vyand kyk.
U maak van my 'n eregas
U maak my lewe ryk.

Net goedheid, liefde, lewenslank,
Gee U, o Heer, vir my;
By U's ek tuis, en in u huis
sal ek vir ewig bly.

Woorddiens

Tema: Kruis woorde

Skriflesing: Lukas 23:34

Broodjies vir die pad

"The capitalist and consumerist ethics are two sides of the same coin, a merger of two commandments. The supreme commandment of the rich is 'Invest!' The supreme commandment of the rest of us is 'Buy!' The capitalist–consumerist ethic is revolutionary in another respect. Most previous ethical systems presented people with a pretty tough deal. They were promised paradise, but only if they cultivated compassion and tolerance, overcame craving and anger, and restrained their selfish interests. This was too tough for most. The history of ethics is a sad tale of wonderful ideals that nobody can live up to. Most Christians did not imitate Christ, most Buddhists failed to follow Buddha, and most Confucians would have caused Confucius a temper tantrum. In contrast, most people today successfully live up to the capitalist–consumerist ideal. The new ethic promises paradise on condition that the rich remain greedy and spend their time making more money and that the masses give free reign to their cravings and passions and buy more and more. This is the first religion in history whose followers actually do what they are asked to do. How though do we know that we'll really get paradise in return? We've seen it on television."
— Yuval Noah Harari, קיצור תולדות האנושות

"The greatest issue facing the world today, with all its heartbreaking needs, is whether those who, by profession or culture, are identified as 'Christians' will become disciples – students, apprentices, practitioners – of Jesus Christ, steadily learning from him how to live the life of the Kingdom of the Heavens into every corner of human existence."
— Dallas Willard, The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship

Aswoensdag lui tyd van stilte in

Jan Lubbe

Môre is dit Aswoensdag, in Christelike kerke regoor die wêreld, die begin van Lydenstyd; sewe weke van selfondersoek, belydenis en oorgawe.

In sy eerste groot gedig – "Ash Wednesday" (1930) – het die bekende Britse skrywer TS Eliot oor dié tyd gesê: "This is the time of tension between dying and birth . . . the place of solitude . . . teach us to sit still . . . our peace in His will . . ." Inderdaad, 'n tyd van sterwe en hergebore te word, die oue af te lê en op die nuwe te wag, met leë hande. Vandaar die kerklike gebruik om verlede jaar se palmtakke toe ons Christus se koninklike koms jubelend gevier het (Matteus 21:8), te verbrand en met die as daarvan 'n kruisie op ons voorkop te laat trek.

Verspeelde kanse, verspilde tyd – dít herken ons op Aswoensdag. En dit is nodig om só stil te word: 'n mens het lewenslank die stryd in jouself te voer tussen donkerte en lig, tussen deug en ondeug; vir Eliot persoonlik, tussen nederigheid en trots. Hy skryf dat nederigheid die moeilikste deug is om te bemeester; niks sterf moeiliker as die goeddunke oor jouself, selfregverdiging en eiewaan nie.

Nou gaan vanjaar se Lydenstyd in ons land nie stil wees nie: wanneer ons verby die kruis op Golgota en die oop graf in Getsémane gestap het, gaan ons stembus toe. Alreeds basuin die politieke partye hul deugde uit; belowe die koms van die koninkryk vir hul ondersteuners – grond, huise, werk, welsyn. "Take the land!" skreeu een vuis in die lug; "Slaan terug!" moedig die ander biddend aan. En daag die politici in eredienste op, begerig vir die seën van Bowe op hul beeld en beleid.

Kerke, weer, gooi deure gretig oop, want min foto's oortuig goedgelowige sondaars só soos dié van óns pastoor en die president! Die geskiedenis sit vól van sulke fatale handdrukfoto's: Adolf Hitler en aartsbiskop Ludwig Müller,

Richard Nixon en Billy Graham, 'n knielende Jacob Zuma, soos vroeër die "NP in gebed".

Ons moes boonop hoor Bosasa het daagliks hul geknoei met gebed van 06:00 tot 08:00 geopen! Mag soek mag, as dit dan moet, selfs Hoër op! Lank voor daar foto's was, is die voorbeelde in die bladsye van die Ou Testament beskryf: konings en hul gedienstige hofprofete.

Agab het die alleenloper-profeet Miga opgeroep: "Die ander profete was eenstemmig ten gunste van die koning – sê jy ook nou iets goeds!" (1 Konings 22:13). Die mag van die meerderheidstem – dit is dieselfde aanloklike versoeking waarvoor die NG Kerk dekades lank geval het, wat nou een ná die ander charismatiese en pentekostalistiese kerk laat struikel. Die verleiding van status, invloed en mag. Van getalle en geld.

En telkens staan die Man van Nasaret en huil, soos op daardie via dolorosa eens ook oor Jerusalem, die stad waar politieke en godsdienstige mag so intens verstrengel gelê het.

Hy huil, omdat dit uiteindelik mense is – die kleintjies, die armes, die magteloses, die vroue, die randfigure, die andersdenkendes – wat seerkry. Wat in hul soeke na hoop, 'n heenkome en die hemel misbruik word. By júlle, het Hy aan sy dissipels gesê, moet dit juis anders as tussen die wêreld se heersers wees: Wees mekaar se diensknegte, voetewassers (Markus 10:43). Lê die ego se alewige strewe na selfhandhawing af. Soek nederigheid. Neem dáárdie kruis op. Dit is alleen in dié sterwe aan ons pretensieuse selfbeeld, dat daar iets nuuts gebore kan word, die transformasie van ons gees.

Maar om daardie Stem te hoor, moet ons in die sewe weke wat voorlê tot stilstand kom. Minder klinkklare antwoorde hê.

Ja: Vas van jou gewone woorde.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/aswoensdag-lui-tyd-van-stilte-in-20190304

"I don't feel that it is necessary to know exactly what I am. The main interest in life and work is to become someone else that you were not in the beginning. If you knew when you began a book what you would say at the end, do you think that you would have the courage to write it? What is true for writing and for love relationships is true also for life. The game is worthwhile insofar as we don't know where it will end."

— Michel Foucault

"These things will destroy the human race: politics without principle, progress without compassion, wealth without work, learning without silence, religion without fearlessness, and worship without awareness."

— Anthony de Mello

Anthony de Mello was a Jesuit priest and psychotherapist who became widely known for his books on spirituality. An internationally acclaimed spiritual guide, writer and public speaker, de Mello hosted many spiritual conferences.

The few talks which he allowed to be filmed, such as "A Rediscovery of Life" and "A Way to God for Today," have inspired many viewers and audiences throughout the United States, Canada, and Central America. De Mello established a prayer center in India. He died suddenly in 1987. His works are readily available and additional writings were published after his death. [...]

https://www.goodreads.com/author/show/54195.Anthony_de_Mello

Brood vir die pad

Tutu en die krag van die beginsel van transfigurasie

In sy boek God Has a Dream: A Vision of Hope for Our Time skryf die Anglikaanse emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu dat swaarkry en tragedie dit dikwels vir ons moeilik maak om God se teenwoordigheid in ons lewens en wêreld te herken.

Tog glo Tutu, ten spyte van die moontlike kontra-getuienis, dat boosheid, ongeregtigheid, onderdrukking en leuens nie die laaste woord sal spreek nie.

Maar hy is ook deeglik daarvan bewus dat daar tye is wanneer ons – soos hy dit op sy kenmerkende manier stel – in God se oor wil fluister: "God, we know You are in charge, but can't you make it a little more obvious?"

Daar was wel 'n keer, skryf Tutu verder, dat God sy hoopgewende teenwoordigheid vir hom 'n bietjie duideliker laat blyk het.

Ten tye van die hoogbloei van die stryd teen apartheid het 'n aantal kerkleiers by 'n teologiese kollege byeengekom. In 'n stadium het Tutu vir 'n oomblik in die tuin gaan stil word.

Dié spesifieke dag was ook die dag waarop sy kerklike tradisie die Feesdag van die Transfigurasie gevier het, 'n dag wat die verheerliking van Christus op die berg herdenk (na aanleiding van teksgedeeltes soos Lukas 9:28-36 waar ons lees dat Petrus, Johannes en Jakobus saam met Jesus die berg opgegaan het, en dat terwyl hulle daar was, Jesus se voorkoms verander het).

Daar in die tuin, vertel Tutu, het 'n Christus-beeld met doringkroon en spykers tot 'n gevoel van strakheid bygedra. Dit was boonop winter en die gras was vaal en dor. Dit was moeilik om te glo dat binne 'n paar weke dié tuin weer groen en mooi sou wees.

In hierdie oomblik het iets van die krag van God se transformasie van ons wêreld skielik vir Tutu 'n werklikheid geword.

Hy praat in dié verband van die beginsel van transfigurasie, en beskryf hierdie kerngedagte in sy eie teologie en spiritualiteit só: "Nothing, no one and no situation, is 'untransfigurable'. The whole of creation waits expectantly for its transfiguration . . . when it will not be just dry inert but will be translucent with divine glory."

Daar is sekerlik tye wanneer dit vir ons moeilik is om te glo dat sodanige transfigurasie moontlik is. Maar ons het wel ook die getuienis van mense, soos Tutu in die tuin, wat as 't ware 'n kykie gekry het hoe God se heerlikheid mense se lewens en ons wêreld kan deurstraal.

En hoe hulle lewens gerig word deur die geloof dat geregtigheid, goedheid en nuwe lewe sal seëvier.– RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/tutu-en-die-krag-van-die-beginsel-van-transfigurasie-20190301

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877